# ALLEREERS 2 – 'n Hart Oorgegee

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Indien jy deelneem aan die 21 Dae Vas en Gebed, wat was jou ervaring die afgelope week?**

**Is jy al ooit deur 'n moeilike situasie as gevolg van ander mense se verkeerde keuses? Wat het gebeur? Deel met groep sover jy gemaklik is.**

**Wat was jou reaksie in daardie tyd? Wat het jy geleer? Watter besluite het jy geneem wat vandag nog 'n invloed in jou lewe het of hoe jy keuses maak? Verduidelik.**

**Wat het die laaste jaar oor die prioriteite in jou lewe kom openbaar? Watter besluite het jy daaroor geneem?**

**Wat dink jy is die rede hoekom mense baie keer goeie besluite en voornemens maak, maar dit nie deurvoer vir 'n baie lang periode nie? Watter invloed het hierdie patroon oor 'n lang tydperk in mense se lewens?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Efesiërs 5:15-17. Dink jy dat jy die beste gebruik maak van die huidige situasie in jou lewe om die lesse te leer en veranderinge te maak wat jou ŉ beter mens gaan maak? Verduidelik.**

---

---

**Jakobus 1:2-4. Wat het die afgelope jaar oor die kwaliteit van jou geloofslewe kom openbaar?**

---

---

**Watter verandering het jy gemaak as gevolg van bogenoemde?**

---

---

**Watter gewoontes of praktyke is in jou lewe nodig ten einde te volhard in bogenoemde veranderinge?**

---

---

**Markus 12:30. Wat dink jy is die gevolg as ons net ŉ gedeelte van ons hart vir God gee? Hoekom dink jy is baie mense gemaklik daarmee alhoewel God alles verwag?**

---

---

---

**Wat dink jy kan ŉ mens doen om te evalueer of jou volle hart nog oorgegee is aan God en nie net ŉ gedeelte daarvan nie? Watter dinge of gewoontes sien ŉ mens in iemand wat ten volle oorgegee is?**

---

---

---

**Op watter manier of in watter situasies word jou oortuigings of die egtheid daarvan tans getoets? Hoe kan jou groep vir jou bid of in hierdie situasie ondersteun?**

---

---

---

**In die preek noem Petrie dat die boek Daniël net ŉ opsomming is van ŉ paar momente van Daniël se lewe, maar dat dit die storie van sy lewe geword het wat ons vandag nog inspireer. Wat sal jy wil hê moet die storie wees wat oor jou lewe vertel word (of oor jou hantering van die krisistydperk die afgelope jaar)?**

---

---

**Dink jy die besluite wat jy tans neem en die gewoontes wat jy tans vestig, gaan bydra tot bogenoemde storie? Watter veranderinge het jy nodig om te maak?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**